Akte van opskorting van die Kerkverband met die Ring van Evander, die Sinode Hoëveld en die Algemene Sinode van die Nederduitse Gereformeerde Kerk

1. Aangesien die lidmate van die Nederduitse Gereformeerde Gemeente Secunda-Goedehoop belydende lidmate geword het deur openbare belydenis van geloof af te lê waar bely en beloof is dat:

1.1 Ons in Jesus Christus as ons enigste Verlosser en Saligmaker glo en dat ons Hom sal liefhê en dien solank ons lewe,
1.2 Dat ons die leer van die Bybel soos dit in die artikels van die Christelike geloof vervat is en in hierdie kerk geleer word, aanvaar as die ware en volkome leer van die saligheid.
1.3 Ons in hierdie leer sal volhard tot die einde van ons lewe en alle leringe wat daarvan afwyk sal verwerp.
1.4 Op grond van hierdie belydenis en beloftes is lidmaatskapbewyse in alle ander NG gemeentes erken.
1.5 Wie hierdie beloftes verbreek, word tugwaardig en bring lidmaatsvoorregte en selfs lidmaatskap in die gedrang.

Die maatstaf vir lidmaatskap van enige NG gemeente hang daarom nie af van die verband met 'n Sinode nie, maar wel of daar in leer en lewe gestaan word by hierdie lidmaatsbelydenis en -beloftes.

2. Aangesien die Kerkraad van die Nederduitse Gereformeerde Gemeente Secunda-Goedehoop die opdrag aanvaar het om toesig te hou oor die gemeente in die lig van die Skrif en aan die hand van die Belydenisskrifte soos vervat in die Formuliere van Eenheid, is met hartseer kennis geneem van besluite van die Algemene Sinode wat nie meer ooreenkom met dit waaroor met mekaar in die kerkverband ooreengekom is nie.

2.1 Die Kerkraad het hieroor amptelik beswaar gemaak en hul dolering openlik bekend gemaak.
2.2 Die Kerkraad het ook kennis geneem daarvan dat die uitoefening van opsig en tug nie plaasvind nie en dat dwalings wat met hierdie leer in stryd is, nie openlik weerlê en uit die kerk geweer word nie.
2.3 Daar is verder waargeneem dat daar selfs by amptelike kerkvergaderings op 'n relatiewe en subjektiewe wyse met die Bybel omgegaan word deur eie inhoud aan Bybelse waarhede oor teologies-dogmatiese en teologies-etiese sake te gee en dat die kerkvergaderinge sodoende vir hulle eie vrysinnige agenda gekaap word.
2.4 Ampsdraers en lidmate van die kerk, wat met die Woord van God, die Belydenis en die Kerkorde as maatstaf die werk van vergaderings en leidende persone beoordeel, se gegronde besware is geïgnoreer, geminag, liefdeloos geag en selfs uitgedaag.
2.5 In hierdie tyd waarin die gemeente vir twee en 'n half jaar gedoleer het, het die kerkverband weinig, indien enigsins, daarna geluister. Daar was ook niks gesê of gedoen waardeur die Kerkraad onder die indruk kon kom dat daar 'n moontlikheid van ware berou kon plaasvind nie.

3. Daarom besluit die Kerkraad om tot 'n volgende stap van dolering oor te gaan en dit word steeds gedoen om daarmee die kerkverband op te roep om terug te keer na die Woord van God alleen (sola scriptura) en die gereformeerde belydenisse.

3.1 Die Kerkraad van die Nederduitse Gereformeerde Gemeente Secunda Goedehoop skort alle direkte en indirekte verbande met die Algemene Sinode op, asook met ander kerkvergaderings wat in woord en daad dieselfde dwaalweg kies.
3.2 Hierdie opskorting word met ootmoed gedoen, maar ons kan nie anders nie omdat hierdie stap voor God in die lig van sy Woord regverdig kan word.
3.3 Ons is steeds die NG Kerk Secunda Goedehoop met behoud van ons identiteit as NG Kerk. Daarom geskied die opskorting met behoud van alle regte, voorregte, besittings, naam, ensovoorts.
3.4 Ons behou die kerkverband met die NG gemeentes en meerdere kerkvergaderings wat hulle distansieer van die dwalinge van die Algemene Sinode en wat opreg poog om getrou te bly aan ons ooreengekome lidmaat-, en ampsbeloftes.
3.5 Die Kerkraad sal sorg dat alle tersaaklike bates en belange beskerm word, dat kontraktuele verpligtinge nagekom en bestuur word [bv. t.o.v. werknemers se diensooreenkomste, medies, pensioen ens.]
3.6 Omdat kerkverband belangrik is, word betrokkenheid gesoek by die Koinonia Sinode (KS) en strukture moet gevind word om verder uitdrukking te gee aan kerkeenheid en ons evangeliese identiteit.
3.7 Die Akte van opskorting sal aan sowel die Algemene Sinode, die Sinode Hoëveld en die Ring van Evander gestuur word.
3.8 Alle Sinodale en Ringsbydraes word gestaak en die Kerkraad sal besluit hoe hierdie fondse voortaan aangewend sal word.

4. Die Nederduitse Gereformeerde Gemeente Secunda-Goedehoop behou die dienste van die leraars en ander besoldigde amptenare.

4.1 Die Kerkraad of sy gevolmagtigde sal ná opskorting steeds die diensverhoudinge in die gemeente bestuur.
4.2 Hierdie opskorting van die kerkverband verander nie die regte tot lidmaatskap nie en dit sal enige lidmaat vrystaan om van gemeente te verander.
4.3 Hierdie besluite sal op twee agtereenvolgende Sondae aan die Gemeente vir approbasie gekommunikeer word.
4.4 Die Kerkraad se besluit tot opskorting van die kerkverband wat geneem is op Maandag 26 Februarie 2024 is na die verstryking van die tydperk van approbasie (twee weke) geldig.
4.5 Die Nederduitse Gereformeerde Gemeente Secunda-Goedehoop neem hierdie besluite in biddende afhanklikheid van en in onvoorwaardelike gehoorsaamheid teenoor die Here van die kerk.

Besluite geneem by die Kerkraadsvergadering gehou op 26 Februarie 2024.

Geteken: .....

Datum: 26/02/2024.